Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BAdmin Openbare Bestuur (07131173)

Duur van studie	3 jaar
Totale krediete	365
Kontak	Prof LP Malan lianne.malan@up.ac.za +27 (0)124202063

Programinligting

Hierdie program is gerig op die studie van Publieke Administrasie wat die kandidaat sal toerus vir ’n loopbaan in die breë openbare sektor. Kandidate sal dieptekennis verwerf oor bepaalde administratiewe en bestuurspraktyke in die Suid-Afrikaanse asook internasionale openbare sektore. Klem word geplaas op die drie sfere van regering met verwysing na aspekte soos hulpbronbestuur, internasionale administrasie en bestuur, beleid, verantwoordingdoening en etiek, die rol van die staat, tussenregerings-verhoudinge en administratiewe regspleging.

Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die TPT.
- Die program word slegs in Engels aangebied. Studente kan nie toegelaat word tot ‘n BCom-graad via ‘n BAdmin-graad indien hulle nie aan die toelatingsvereistes vir ‘n BCom-graad voldoen nie.

Minimum vereistes								
Prestasievlak								TPT
Afrikaans of Engels				Wiskunde				
NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	
5	3	C	C	Wiskunde 4 of Wiskundige Geletterdheid 4	3	D	D	28

Ander programspesifieke inligting

Slegs twee 14-week modules, of die ekwivalent daarvan, wat nie deur 100- en 200-vlak-modules voorafgegaan word nie, mag as kwalifiserende modules vir graaddoeleindes geneem word. Met ander

woorde, ten minste vier 14-week-modules wat voorafgegaan word deur die 100- en 200-vlak moet op 300-vlak geneem word (behalwe in die geval waar die modules slegs vanaf 200-vlak aangebied word).

Let wel: Raadpleeg die alfabetiese lys van modules vir die voorvereistes van alle modules.

FRK 122 is ’n eindmodule. Indien FRK 122 gekies word, sal ’n kandidaat nie met Finansiële rekeningkunde op 200- en 300-vlak kan voortgaan nie.

(1) OBS 310 mag nie saam met BDO 319, 329 vir graaddoelendes geneem word nie.

(2) ADR 310 geld slegs as keusemodule op 200-vlak; nie as 300-vlak module nie.

(3) ABR 311 en ABV 320 kan in die leergang as keusemodules op 200-vlak gekies word, met die voorbehoud dat dit inpas op die klas-, toets- en eksamenrooster.

(4) STL en IPL het nie modules op jaarvlak 1 nie, maar volg op PTO 111 en PTO 120.

Let wel: Kandidate wat nie Graad 12-Wiskunde met minstens 4 (50-59%) geslaag het nie, of wat nie in Statistiek 113, 123 geslaag het nie, mag nie EKN 120, 214, 234, 310, 320 en STK 110, 120 volg nie. Verwys ook na die fakulteitvoorvereistes vir die modules.

Spesialiseringsmodules: PAD 312, 322

Hoofvak
Ten einde as "hoofvak" te kwalifiseer moet minstens die ekwivalent van vier 14- week-modules van ’n vak, insluitende twee op 300-vlak, geslaag word, met dien verstande dat die volgende modules, wat slegs op 300-vlak aangebied word, ook as "hoofvakke" geld:

- Arbeidsreg 311 (ABR 311), Arbeidsverhoudinge 320 (ABV 320) en Internasionale sakebestuur 359 en 369 (OBS 359 en 369);
- en dat slegs twee 14-week modules, of die ekwivalent daarvan, wat nie deur 100- en 200-vlakke modules voorafgegaan word nie, as kwalifiserende modules vir graaddoeleindes geneem mag word. Met ander woorde, ten minste vier 14-week-modules wat voorafgegaan word deur die 100- en 200-vlak moet op 300 vlak geneem word (behalwe in die geval waar die modules slegs vanaf 200-vlak aangebied word).

Bevordering tot volgende studiejaar

Volgens Algemene Regulasie G.3 word spesifieke bevorderingsvoorwaardes gestel deur fakulteitsrade waaraan studente van die fakulteit moet voldoen.

a. 'n Student moet in ten minste 4 kernsemestermodules of 2 kern-jaarmodules slaag om tot die volgende akademiese jaar toegelaat te word.
b. 'n Student wat minder as 4 kernsemestermodules of 2 kernjaarmodules geslaag het, word nie tot die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe hertoegelaat nie. Sodanige student wie se reg op hertoelating verval het, mag skriftelik by die Fakulteit se Toelatingskomitee aansoek doen om voorwaardelike hertoelating tot die Fakulteit – met die voorbehoud dat die Toelatingskomitee verdere voorwaardes ten opsigte van studente se vordering mag stel. 'n Student se aansoek om voorwaardelike hertoelating mag geweier word.
c. 'n Student wat voorwaardelik tot die Fakulteit hertoegelaat word, se studies sal na die eerste semestereksamen nagegaan word om vas te stel of hy/sy aan die gestelde voorwaardes voldoen het. Indien daar nie aan die voorwaardes voldoen is nie, sal sodanige student se studies opgeskort word.

d. 'n Student wie se studies weens swak akademiese prestasie opgeskort word, het die reg om teen die besluit van die Fakulteit se Toelatingskomitee te appelleer.
e. 'n Student kan bevordering tot 'n volgende studiejaar of in 'n module geweier word indien die vasgestelde klasgeld soos voorgeskryf, nie betaal is nie.
f. 'n Student kan toelating tot die eksamen of bevordering tot 'n volgende studiejaar of in 'n module geweier word indien hy/sy nie aan die bywonings-vereistes voldoen het nie. Klasbywoning in alle modules en vir die volle duur van die program is verpligtend vir alle studente.

Slaag met lof

a. 'n Graad kan met lof toegeken word mits die kandidaat aan die volgende vereistes voldoen:

i. Die graad moet binne drie jaar voltooi word;
ii. 'n Geweegde gemiddelde (GPA) van 75% moet behaal word;
iii. Modules wat reeds geslaag is en herhaal word, se nuwe punt sal nie in berekening gebring word nie. Die oorspronklike slaagpunt van die module sal gebruik word vir die berekening van die GPA.

b. Oorskakelaars van ander fakulteite en ander universiteite (insluitend krediete wat oorgedra word en erken word vanaf die graad waarvoor oorspronklik geregistreer was), sal as buitengewone gevalle deur die dekaan oorweeg word.
c. Die GPA sal nie gerond word tot die naaste volgende heelgetal nie.
d. Buitengewone gevalle sal deur die dekaan oorweeg word.

Algemene inligting

Minimumvereistes vir baccalaureusgrade; semester- en jaarmodules; nuwe regulasies

1. Studente wat voor 2015 met hul studies begin het, moet die program voltooi ooreenkomstig die bepalinge van die leergang van die jaar waarin hulle studies ’n aanvang geneem het, of ooreenkomstig die leergang van die jaar waarin hulle na hul huidige spesialiteitsrigting oorgeskakel het. Studente wat dit verkies, mag egter aansoek doen om oor te skakel na die jongste leergang, maar dan moet hulle voldoen aan al die vereistes daarvan. Hulle mag ook nie weer terugskakel na die regulasies van ’n vorige jaar nie.
2. Studente wat in 2015 vir die eerste keer vir ’n graadprogram registreer, moet die modules volg wat in die betrokke spesialiseringsrigting aangedui word.

Let wel: Slegs twee 14-week modules, of die ekwivalent daarvan, wat nie deur 100- en 200-vlakke modules voorafgegaan word nie, mag as kwalifiserende modules vir graaddoeleindes geneem word. Met ander woorde, ten minste vier 14-week-modules wat voorafgegaan word deur die 100- en 200-vlak moet op 300-vlak geneem word (behalwe in die geval waar die modules slegs vanaf 200-vlak aangebied word).
Die onus rus dus ten volle op studente om vóór registrasie seker te maak dat hulle leergange aan al die vereistes van die toepaslike regulasies voldoen.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 130

Fundamentele modules

Academic literacy for Economic and Management Sciences 124 (ALL 124)

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	No prerequisites.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Eenheid vir Akademiese Gelett
Aanbiedingstydperk	Semester 1 en Semester 2

Module-inhoud

This module intends to equip students with the competence in reading and writing required in the four high impact modules: Business Management, Financial Accounting, Statistics and Economics. Students will also be equipped to interpret and draw figures and graphs and to do computations and manage relevant formulas. During Semester 1 students engage with the online computer program MyFoundationsLab individually in a flexible learning environment, and during Semester 2 they attend the scheduled contact sessions and do the coursework. *This module is offered by the Faculty of Humanities.*

Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101)

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud
Verkry, evalueer, verwerk, bestuur en bied inligtingsbronne vir akademiese doeleindes aan deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie. Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

Akademiese oriëntasie 107 (UPO 107)

Modulekrediete	0.00
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	EWB Dekaanskantoor
Aanbiedingstydperk	Jaar

Kernmodules

Politiek 111 (PTO 111)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Grondslae van politiek ’n Inleiding tot die bestudering van die georganiseerde politieke samelewing op nasionale en internasionale vlak met spesifieke verwysing na politieke konsepte, benaderings en metodes. Die klem val op die staat en regeerkunde as ontledingsraamwerke. Dit sluit die ontwikkeling en vergelyking van verwante politieke entiteite, prosesse en regime-tipes van ’n demokratiese en niedemokratiese aard in, inaggenome die belangrikste veranderinge wat deur globalisering veroorsaak word.

Bedryf- en organisasiesielkunde 111 (BDO 111)

Modulekrediete	10.00
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Menslikehulpbronbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Alleenlik vir BCom / BAdmin studente
Inleiding tot die bedryf- en organisasiesielkunde
'n Inleiding tot die verskillende denkskole van die sielkunde word gegee met spesiale klem op bedryf- en organisasiesielkunde en laasgenoemde se toepassingsvelde. Die basiese beginsels in die wetenskaplike sistematisering van bedryfsielkundige kennis word bespreek. Die biologiese basis van gedrag word behandel ten einde die grondslag te lê vir die toepassing van ergonomiese beginsels.
Individuele prosesse
In hierdie afdeling word die beginsels van leer soos dit in die werkkonteks voorkom, ondersoek. Die rol van persepsie binne werkverband word behandel deur te kyk na aspekte soos vorm-, diepte-, afstand- en kleurpersepsie. Kognisie, denke, redenering, geheue, kreatiwiteit en besluitneming word behandel. Intelligensie word toegelig en in perspektief geplaas binne die veld van die bedryf- en organisasiesielkunde.

Ekonomie 110 (EKN 110)

Modulekrediete	10.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module het te doen met die kern beginsels van ekonomie. 'n Onderskeid tussen makro-ekonomie en mikro-ekonomie word getref. 'n Bespreking van die markstelsel en die sirkulêre vloei van goedere, dienste en geld word gevolg deur 'n afdeling wat handel oor mikro-ekonomiese beginsels, insluitend vraag- en aanbod ontleding, verbruikers gedrag en nutmaksimering, produksie en die koste daarvan, en die verskillende mark modelle van firma gedrag. Arbeids markinstellings en kwessies, loonbepaling, asook inkome-ongelykheid en armoede word aangespreek. 'n Afdeling oor geld, bankwese, rentekoerse en monetêre beleid sluit die kursus af.

Politiek 120 (PTO 120)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid
Voorvereistes	PTO 111(GS)
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe

Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Samewerking in die politieke wêreld ’n Inleiding tot samewerking op nasionale en internasionale vlak met spesifieke verwysing na die aard, grondslae en politiek van samewerking. Dit sluit ’n analise en vergelyking in van die politisering, lokalisering en internasionalisering van vraagstukke, en van die probleme op nasionale, regionale en globale vlak rakende samewerking in ’n toenemend interafhanklike wêreld gekenmerk deur ’n afwesigheid van supranasionale instellings. Aandag word ook gegee aan die verbandhoudende dinamiek van regime-ontwikkeling, -prestasie en -verandering.

Publieke administrasie 112 (PAD 112)

Modulekrediete	10.00
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module in publieke administrasie is ontwerp om spesifiek studente te ondersteun in die verstaan van die rol van publieke administrasie in die moderne staat, die unieke kenmerke van publieke administrasie, die skole en benaderings in publieke administrasie en inleidende inligting in die onderskeie generiese administratiewe funksies. Die dissipline van publieke administrasie het vinnig ontwikkel en by implikasie, die paradigma verskuif oor die jare. Die doelwit van hierdie module is om publieke administrasie inleidend aan die student bekend te maak as ‘n veld van studie wat ‘n betekenisvolle bydrae tot die effektiewe administrasie en bestuur van owerheidswerksaamhede maak.

Publieke administrasie 122 (PAD 122)

Modulekrediete	10.00
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	PAD 112 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module in publieke administrasie bied inleidend die konstitusionele raamwerk met betrekking tot publieke administrasie. Die Suid-Afrikaanse stelsel van regering, die funksies, rol en magte van die uitvoerende gesag, die wetgewende en juridiese gesag sowel as die funksionering van die drieledige sfere van die owerheid. Die module sal die student in staat stel om te verstaan hoe en waar publieke administrasie toegepas word.

Keusemodules

Afrikaans 114 (AFR 114)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Afrikaans vir sprekers van ander tale (1) *No mother tongue speakers of Afrikaans will be allowed to take this module. A subject for advanced learners of Afrikaans. A basic knowledge of Afrikaans grammar and listening, reading, writing and speaking skills are required.

Finansiële rekeningkunde 111 (FRK 111)

Modulekrediete	10.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Rekeningkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die aard en funksie van rekeningkunde; die ontwikkeling van rekeningkunde; finansiële toestand; finansiële prestasie; die boekstawingsproses; verwerking van rekeningkundige data; elementêre inkomstestaat en balansstaat; dokumentevloei; rekeningkundige stelsels; inleiding tot interne beheer en interne beheermaatreëls; bankrekonsiliasies; kontrolerekeninge; aansuiwerings; opstel van finale state van 'n eenmansaak; die rekeningkundige raamwerk.

Ondernemingsbestuur 124 (OBS 124)

Modulekrediete	10.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe

Voorvereistes	Toelating tot die eksamen in OBS 114
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die aard en ontwikkeling van entrepreneurskap; die individuele entrepreneur en karaktereienskappe van Suid-Afrikaanse entrepreneurs. Kreatiwiteit en innovasie, die ontdekking en ontginning van ? geleentheid. Die sakeplan en hulpbronvereistes word ontleed. Die begin van die onderneming (“start up”). Ondersoek die verskillende weë/roetes na entrepreneurskap. Toetrede tot familie-ondernemings; die aanskaf van ‘n konsessie (“franchise”); tuisgebaseerde onderneming en die besigheidsoorname. Hierdie semester dek ook hoe entrepreneurs netwerking kan bewerkstellig en ondersteuning vind in hulle omgewing. Gevallestudies van suksesvolle entrepreneurs - ook Suid- Afrikaanse entrepreneurs - word bestudeer.

Afrikaans 120 (AFR 120)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Taalkundekomponent: Inleiding tot die Afrikaanse sintaksis, fonetiek en taalgeskiedenis.
Letterkundekomponent:Inleiding tot die Romankuns Inleiding tot die Drama

Statistiek 113 (STK 113)

Modulekrediete	11.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 praktiese sessies per week, 1 tutoriaal per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Statistiek

Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

STK 113 en 123 tel op sigself nie as krediet vir graaddoeleindes nie, maar verleen vrystelling van STK 110. Databewerkings en transformasies: Inleidende begrippe: die rol van statistiek, verskillende tipes data en die getallestelsel. Begrippe onderliggend aan lineêre, kwadratiese, eksponensiële, hiperboliese en logaritmiese transformasies van kwantitatiewe data, grafiese voorstellings, oplossing van vergelykings en interpretasie. Bepaling van lineêre vergelykings in praktiese situasies. Eienskappe van logaritmiese funksies. Die verwantskap tussen die eksponensiële en logaritmiese funksies in ekonomiese en verwante probleme. Stelsels van vergelyking in ewewig. Addisionele begrippe van belang by dataverwerking, funksies en inverse funksies, sigma-notasie, faktoriaalnotasie, rye en reekse, ongelykhede (streng, swak, absoluut, voorwaardelik en dubbele) en absolute waardes. Beskrywende statistiek – Eenvariant: Steekproefneming en die insameling van data, frekwensieverdelings en grafiese voorstellings. Beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding. Inleidende waarskynlikheidsleer. Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakkette en statistiese tegnieke. Die weeklikse een uur prakties word gedurende die laaste sewe weke van die semester aangebied.

Afrikaans 110 (AFR 110)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Taalkundekomponent: Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde met klem op lees-en skryfvaardigheid. *Letterkundekomponent:* Inleiding tot die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die hand van kortverhale en gedigte.

Finansiële rekeningkunde 121 (FRK 121)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	FRK 111 GS
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

Akademiese organisasie	Rekeningkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Eiendom, aanleg en toerusting; ontasbare bates; voorraad; laste; aanbieding van finansiële state; ondernemings sonder winsoogmerk; vennootskappe; maatskappye; beslote korporasies; kontantvloeistate; ontleding en vertolking van finansiële state.

Ondernemingbestuur 114 (OBS 114)

Modulekrediete	10.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Mag nie in dieselfde kurrikulum ingesluit word as OBS 155 nie
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Inleiding tot ondernemingsbestuur as vakwetenskap; die omgewing waarin die onderneming funksioneer; die saketerrein, missie en doelstelling van die sakeonderneming; bestuur en entrepreneurskap. Verantwoordelike leierskap en die rol van 'n besigheid in die samelewing. Die keuse van ‘n ondernemingsvorm; die keuse van produkte en dienste; winsbeplanning en kostebeplanning by verskillende bedryfsgroottes; vestigingsfaktore; aard van produksieprosesse en die uitleg van die bedryf.
Inleiding tot en oorsig van algemene bestuur, veral betreffende die vyf bestuurstake: strategiese bestuur; hedendaagse tendense en bestuursvraagstukke; finansiële bestuur; bemarking en eksterne betrekkinge.
Inleiding tot en oorsig van die waardekettingmodel; bestuur van die insette; die bestuur van die aankoopfunksie; bestuur van die transformasieproses met spesifieke verwysing na produksie- en operasionele bestuur; menslikehulpbronbestuur en inligtingsbestuur; korporatiewe bestuur en swart ekonomiese bemagtiging (SEB).

Statistiek 123 (STK 123)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	STK 113 GS
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 1 praktiese sessies per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Statistiek
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*STK 113 en 123 tel op sigself nie as krediet vir graaddoeleindes nie, maar verleen vrystelling van STK 110.
Optimeringstegnieke met ekonomiese toepassings:
Datatransformasies en verwantskappe met ekonomiese toepassings: bewerkings en reëls, lineêre, kwadratiese, eksponensiële, hiperboliese en logaritmiese funksies, stelsels van vergelykings in ewewig, stelsels van lineêre ongelykhede, oplossing van lineêre programmeringsprobleme met behulp van die grafiese en hoekpuntmetodes.
Toepassings van differensiasie en integrasie in statisties- en ekonomiesverwante probleme: die limiet van ‘n funksie, kontinuïteit, veranderingstempo, die afgeleide van ‘n funksie, differensiasiereëls, hoërorde- afgeleides, optimeringstegnieke, die oppervlakte onder ‘n kromme en toepassings van bepaalde integrale.
Waarskynlikheidsleer en inferensie:
Inleidende waarskynlikheidsleer en teoretiese verdelings. Steekproefverdelings. Beramingsteorie en hipotesetoetsing van steekproefgemiddeldes en steekproefverhoudings (een- en twee-steekproefgevalle).
Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakkette en statistiese tegnieke.
Die weeklikse een uur prakties word gedurende die laaste sewe weke van die semester aangebied.

Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 143

Kernmodules

Bedryf- en organisasiesielkunde 221 (BDO 221)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	BDO 111 GS. Mag nie in dieselfde kurrikulum as SLK 110/120 ingesluit word nie.
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Menslikehulpbronbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Alleenlik vir BCom / BAdmin studente

Ontwikkeling en persoonlikheid

Die lewenspan en belangrike periodes in die menslike ontwikkeling word behandel met die klem op die betekenis daarvan in die werkkonteks. Ten opsigte van persoonlikheid word daar onder andere aandag gegee aan die kulturele konteks van persoonlikheid, die vorming, dimensies en determinante van persoonlikheid; persoonlikheid as gedragsbepaler en die ontwikkeling en instandhouding van die selfkonsep. Aandag word ook gegee aan die basiese metodes van persoonlikheidsmeting en -assessering.

Mens in interaksie

Hierdie tema handel oor sekere kernaspekte van menslike interaksie.

Hierdie aspekte behoort geken en begryp te word deur aspirant menslike hulpbronbestuurpraktisyns en Bedryfsielkundiges, aangesien hulle erken word as menslike gedragskundiges in die werkomgewing, wie werkgewers/organisasies kan help om die prestasies, produktiwiteit en die welstand van menslike hulpbronne te bevorder. Effektiewe menslike interaksie speel ‘n kernbelangrike rol in die werkomgewing. Dus behandel hierdie module aspekte soos die selfkonsep, sosiale rolle, sosiale waarneming, tydstrukturering en –bestuur, motivering en frustrasie, asook sielkundige aanpassings – en verdedigingsmeganismes en hoe dit verband hou met menslike interaksie oor die algemeen en met verwysing na die werkomgewing. Beide teorie en praktiese implikasies word gedek.

Publieke administrasie 212 (PAD 212)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	PAD 112 of PAD 122 met 'n GS in die ander
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module in die funksies van die publieke administrasie verskaf ‘n in-diepte ontleding van die generiese administratiewe funksies, insluitend beleidbepaling, organisering, finansiering, personeelvoorsiening en -benutting en beheer. Studente sal derhalwe toegerus word met kennis en vaardighede wat verband hou met die owerheid se strategiese beplanning, beleidbepaling en besluitneming, begroting, aankope, menslikehulpbronbestuurfunksies en indiensnemingswetgewing wat ‘n invloed op menslike hulpbronne binne organisasies het.

Kommunikasiebestuur 284 (KOB 284)

Modulekrediete	5.00
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Afdeling Kommunikasiebestuur
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

*Module content will be adapted in accordance with the appropriate degree programme. Only one of KOB 281–284 may be taken as a module where necessary for a programme.

Applied business communication skills

Acquiring basic business communication skills will enhance the capabilities of employees, managers and leaders in the business environment. An overview of applied skills on the intrapersonal, dyadic, interpersonal, group (team), organisational, public and mass communication contexts is provided. The practical part of the module (for example, the writing of business reports and presentation skills) concentrates on the performance dimensions of these skills as applied to particular professions.

Publieke administrasie 222 (PAD 222)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	PAD 212 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module in publieke administrasie is ontwerp om spesifiek studente te ondersteun in die verstaan van die oorsprong en ontwikkeling van etiek in publieke diens en administrasie. Die klem word geplaas op die bou van ‘n verantwoordelike openbare amptenaar wie se dienste en verantwoordelikhede lei tot effektiewe en doeltreffende verantwoordbare openbare organisasies met die doel om nie slegs verbeterde dienste te lewer nie, maar ook persoonlike etiek en organisatoriese kodes en standaarde toe te pas. Die doel met die module is om die student in staat te stel om die teorie in die praktyk van publieke administrasie toe te pas en te sintetiseer ten einde ‘n beter openbare diens in die toekoms te bewerkstellig.

Keusemodules

Kommunikasiebestuur 210 (KOB 210)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afdeling Kommunikasiebestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Bestuurskommunikasie Gebaseer op die paradigma van Geïntegreerde Kommunikasie (GK), dek hierdie module bestuurskommunikasieteorie, leierskap- en toesighouerkommunikasie, sowel as die bestuur van verandering en transformasie deur kommunikasie. Bestuurskommunikasie in die globale arena fokus op die dinamika en viering van diversiteit en interkulturele verhoudings. Bestuurders moet kennis neem van die belangrikheid van ontwikkelingskommunikasie, beide in 'n besigheids- en gemeenskapskonteks. Die belangrikheid van etiese oorwegings in bestuurs- en leierskapskommunikasie word beklemtoon. Na 'n verduideliking van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerpe, word toepaslike kommunikasienavorsingstegnieke ondersoek.

Ondernemingsbestuur 210 (OBS 210)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	OBS 114 of 124 met toelating tot die eksamen in die ander
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Logistieke bestuur Die rol van logistiek in 'n onderneming; omskrywing en omvang van klantediens; elektroniese en ander logistieke inligtingstelsels; voorraadbestuur en materiaalbestuur met besondere verwysing na Japannese stelsels; bestuur van die voorsieningsketting. Vervoermetodes en vervoerkoste; soorte opberging en die koste daarvan; elektroniese hulpmiddels by materiaalhantering; koste en prysbepaling by aankope; organisering vir logistieke bestuur en metodes om logistieke werkverrigting te verbeter.

Internasionale verhoudinge 210 (IPL 210)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 101 (GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Internasonale teorie en organisasie
Wat veroorsaak oorlog en vrede? Is internasionale orde en geregtigheid versoenbaar? Is die internasionale struktuur belangrik? Die antwoorde word bepaal deur die teoretiese lense waardeur wêreldpolitiek beskou word. ’n Oorsig word gebied van die mededingende teoretiese perspektiewe van internasionale verhoudinge. Dit sluit hoofstroom en alternatiewe perspektiewe in, asook die onderliggende denke, teorieë en variasies van elk. Hierdie teorieë bied verskillende benaderings tot globale vrede, waaronder vrede deur internasionale organisasie. ’n Breedvoerige ontleding word gemaak van geselekteerde internasionale organisasies met ’n universele of streeksomvang, soos die Verenigde Nasies, die Afrika-unie en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap, en van internasionale reg wat hierdie organisasies en hul aktiwiteite begrond.

Bedryf- en organisasiesielkunde 222 (BDO 222)

Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	BDO 111 GS, BDO 221 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Menslikehulpbronbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Alleenlik vir BCom / BAdmin studente

Groepsgedrag en leierskap

Hierdie module fokus op organisasiegedrag met spesifieke verwysing na die beginsels van groepsgedrag en die rol van werkspanne in die organisasie. Daar word spesifiek gefokus op groepsontwikkeling, -interaksie, -strukture en -prosesse asook die bevordering van spanprestasie in organisasies.
Leierskap en die invloed van mag en politiek in die organisasie word bestudeer. Die funksie wat leierskap in individuele, groeps- en taakgerigtegedrag vervul, word toegelig.

Organisasiegedrag

Die gedragsbasis vir organisasiestrukturering en -ontwerp word in die module bestudeer. Organisasiekultuur as 'n belangrike faset van 'n organisasie word toegelig. Die dinamiek en benaderings tot organisasieverandering word behandel. Daar word spesifiek gefokus op die rol van veranderingsagente, weerstand teen verandering en organisasie-ontwikkeling. Kontemporêre vraagstukke met betrekking tot organisasieverandering word prakties toegelig.

Besigheidsreg 220 (BER 220)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Eksamentoelating vir BER 210
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Arbeidsreg; aspekte van sekerheidstelling; insolvensiereg; ondernemingsreg; maatskappyereg; reg insake beslote korporasies en vennootskapsreg.

Ondernemingsbestuur 220 (OBS 220)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	OBS 114 of 124 met toelating tot die eksamen in die ander
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Projekbestuur: Inleiding. Konsepte van projekbestuur; behoefte-identifisering; die projek, projekbestuurder en projekspan; soorte projekorganisasies; projekkommunikasie en -dokumentasie. Beplanning en beheer: beplanning, skedulering en skedulebeheer van projekte; hulpbronoorwegings en toedeling; kostebeplanning en prestasie-evaluering.

Staatsleer 210 (STL 210)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 101 (GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Politieke dinamika (Mikro)
Die bestudering van die teorie en praktyk van gedragsverskynsels in politiek. Met verwysing na toepaslike voorbeelde val die klem op die studie van politieke kultuur, leierskap, kommunikasie, belangegroepe, partye en partystelsels; op verkiesings, kiesstelsels en kiesersgedrag; en op openbare mening en direkte populêre kontroletegnieke.

Kommunikasiebestuur 220 (KOB 220)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	KOB 210 GS
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afdeling Kommunikasiebestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Organisatoriese kommunikasiebestuur Deur die gebruikmaking van bestuursteorieë van organisasiekommunikasie word 'n studie gemaak van groep- en spankommunikasie, met spesifieke beklemtoning van fasilitering, onderhandeling en innovasie. Kennisbestuur, interne kommunikasie, kultuur en organisasieklimaat is kernkomponente van die komplekse dinamika van die deel van betekenis in die organisasie. Die funksie van strategiese kommunikasie word deurgaans benadruk. Etiese oorwegings in organisatoriese kommunikasiebestuur word ook beklemtoon en gepaste navorsingstegnieke word bekend gestel.

Regsuitleg 210 (RVW 210)

Modulekrediete	10.00

Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Publiekreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir LLB, BAdmin, BA met spesialisering in regte en BCom Belasting Wettereg: (a) Algemene inleiding: verhouding tussen teks en konteks (b) Wat is wetgewing?: kategorieë en tipes wetgewing (c) Struktuur en formaat van wetgewing (enacted law texts) (d) Inwerkingtreding, wysiging en tenietgaan van wetgewing Beginsels van wetsuitleg: (a) Hoe word wetgewing uitgelê: teorieë en metodes van wetsuitleg en die invloed van die oppermagtige Grondwet op wetsuitleg (b) Interne en eksterne hulpmiddels om die oogmerk van wetgewing vas te stel (c) Sogenaamde gebiedende en aanwysende bepalings (d) Wetsuitleg en regterlike regsvorming (e) Basiese beginsels van grondwetuitleg

Staatsleer 220 (STL 220)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 101 (GS), STL 210(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Politieke dinamika (Makro)
'n Teoretiese begronding en raamwerk word gebied vir die beskrywing, ontleding en klassifikasie van politieke en beleidvraagstukke. Die klem is op die aard van die staat, regeerkunde en konflik in Afrika. Onder andere word 'n studie gemaak van die vraagstukke van kolonialisme en post-kolonialisme, demokratisering, outoritarisme en die ontwikkeling van die staat in Afrika, in die konteks van 'n globaliserende wêreld.

Besigheidsreg 210 (BER 210)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Handelsreg

Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Basiese beginsels van die kontraktereg; koopreg; kredietooreenkomste, huurreg.

Internasionale verhoudinge 220 (IPL 220)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 101(GS), IPL 210(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Buitelandse beleid en diplomasie
'n Kort inleiding tot die studie van buitelandse beleid word gevolg deur 'n verduideliking van die gebruik van die vergelykende metode en 'n raamwerk vir die analise en evaluasie van buitelandse beleid. Dit bied 'n vergelykende studie van die buitelandse beleid van geselekteerde state van die belangrikste streke van die wêreld, waaronder die buitelandse beleid van Suid-Afrika. In elke gevallestudie word die beleidsomgewing, die formulering- en implementeringsprosesse, asook die inhoud van die spesifieke staat se buitelandse beleid gedek. Daarna vernou die fokus na diplomasie: die oudste, mees veelsydige en universeel gebruikte instrument van buitelandse beleid. Die aard, geskiedenis, tipes diplomasie en regsraamwerk van hierdie instelling word ondersoek. Voorbeelde uit die globale praktyk word gebruik, met spesifieke oorweging van die evolusie van diplomatieke praktyk in die Afrika en Suid-Afrikaanse konteks.

Bedryf- en organisasiesielkunde 223 (BDO 223)

Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	BDO 111 GS, BDO 221 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Menslikehulpbronbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Alleenlik vir BCom / BAdmin studente

Werknemergesondheid en ergonomika

Hierdie afdeling fokus op aktuele en belangrike aspekte van gesondheids- en veiligheidsbestuur in organisasies, asook die aard en rol van ergonomika daarin. Hierdie aspekte word teoreties en prakties toegelig sodat die student die nodige kennis en vaardighede bekom in die veld van organisasiesielkunde en menslikehulpbronbestuur.

Bestuur van diversiteit
Hierdie afdeling fokus op die ontwikkeling van ’n sensitiwiteit vir ’n diverse werksmag en die ontwikkeling van ’n klimaat van wedersydse respek en toleransie tussen individue en groepe in die organisasie. Daar word spesifiek gefokus op die voorvereistes vir die effektiewe instel van ’n diversiteitsbestuurprogram in ’n organisasie.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Publieke administrasie 312 (PAD 312)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	PAD 112, PAD 122, PAD 212 of PAD 222 met 'n GS in die ander
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module in publieke administrasie is ontwerp om spesifiek studente te ondersteun in die verstaan van die oorsprong en ontwikkeling van etiek in publieke diens en administrasie. Die klem word geplaas op die bou van ‘n verantwoordelike openbare amptenaar wie se dienste en verantwoordelikhede lei tot effektiewe en doeltreffende verantwoordbare openbare organisasies met die doel om nie slegs verbeterde dienste te lewer nie, maar ook persoonlike etiek en organisatoriese kodes en standaarde toe te pas. Die doel met die module is om die student in staat te stel om die teorie in die praktyk van Publieke administasie toe te pas en te sintetiseer ten einde ‘n beter openbare diens in die toekoms te bewerkstellig.

Publieke administrasie 322 (PAD 322)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	PAD 312 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module in publieke administrasie is ontwerp om die student se opvatting te verbreed oor die verstaan, ontstaan en ontwikkeling van administratiewe stelsels. Die klem is op die praktiese toepassing van kennis en probleme in ontwikkelende gemeenskappe. Toememende globalisering vereis akademiese belang in vergelykende publieke administrasie. Die beweegrede agter vergelykende Publieke administrasie is die soeke na die ontdekking van gemeenskaplikhede in die administratiewe proses en die menslike gedrag, ongeag van plek en tyd.

Keusemodules

Bedryf- en organisasiesielkunde 329 (BDO 329)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	BDO 319 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Menslikehulpbronbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Motivering en prestasiebestuur Die afdeling spreek die hoofkenmerke van ‘n prestasiebestuurstelsel aan en fokus op die strategiese en motiveringswaarde van die proses. Prestasiebestuur word onder die volgende hoofde behandel: kriteria-ontwikkeling; prestasiebeplanning; data-insameling; waarneming en dokumentering; prestasiebeoordeling; beoordelingsinstrumente; prestasieterugvoering om motivering te bevorder. Menslikehulpbron- en loopbaanontwikkeling Die afdeling spreek die hedendaagse metodes aan wat benut kan word om mensekrag- en loopbaanontwikkelingsprogramme te ontwikkel en aan te bied om prestasie op sowel die individuele as organisatoriese vlak te bevorder. Die klem val op behoefte-ontleding, kurrikulumontwerp, leerdoelwitstelling, programontwikkeling, voorbereiding van materiaal, opleidingsingrepe, aanbiedings- en fasiliteringsvaardighede, asook kursusevaluering. Die integrasie van individuele loopbaanverwagtinge met organisasievereistes en -strategie word aan die hand van loopbaanontwikkeling toegelig.

Kommunikasiebestuur 310 (KOB 310)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	KOB 210 of KOB 220 met 'n GS in die ander
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afdeling Kommunikasiebestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Strategiese kommunikasiebestuur Geïntegreerde Kommunikasie (GK) voorveronderstel die belyning en implementering van die ondernemingsstrategieë, korporatiewe strategieë en korporatiewe kommunikasiestrategieë van die organisasie. Die korporatiewe posisionering wat uit hierdie strategieë voortvloei, word deur die organisasie se unieke reputasie, beeld, identiteit en handelsnaam gekommunikeer. Omgewingsverkenning stel die organisasie verder in staat om vraagstukke, risiko's en moontlike krisisse wat hierdie posisionering kan beïnvloed, te identifiseer en aan te spreek. Huidige korporatiewe stedelingskapdenke steun die beginsel van 'n simbiotiese verhouding tussen die besigheid en die samelewing deur ekonomiese, omgewings- en sosiale volhoubaarheid te beklemtoon (die sogenaamde ''triple bottomline''). Die hoogtepunt hiervan is 'n nuwe besef van die organisasie se korporatiewe verantwoordelikheid en sy rol as korporatiewe stedeling. Etiek in strategiese bestuur word uitgelig en geskikte navorsingstegnieke word ontleed.

Kommunikasiebestuur 320 (KOB 320)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	KOB 210 of KOB 220 met 'n GS in die ander, KOB 310 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afdeling Kommunikasiebestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Strategiese verhoudingsbestuur Die strategiese bestuur van interne en eksterne verhoudings is essensieel vir die organisasie se "lisensie om te funksioneer". Belangegroepteorieë voorsien 'n raamwerk vir die bestuur van verhoudings met belangegroepe soos werknemers, beleggers, die media en die regering. Die groeiende betekenisvolle impak van aktivisme op organisasieprestasie regverdig die bestuur van sulke drukgroepe deur middel van kommunikasie. Deontologiese en teleologiese etiese benaderings in die strategiese bestuur van verhoudings word ondersoek. Die kompleksiteit van etiese besluitneming in die moderne sake-omgewing, sowel as onder andere anti-etiek en Afrika-etiek, word bestudeer. Persepsie-, sosiale en belangegroep-oudits is voorbeelde van eiesoortige navorsingsontwerpe wat in strategiese verhoudingsbestuur gebruik kan word.

Arbeidsverhoudinge 320 (ABV 320)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Menslikehulpbronbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Teoretiese onderbou van Arbeidsverhoudinge Die basiese begrippe, historiese konteks en teoretiese benaderings tot die vakgebied van Arbeidsverhoudinge word toegelig. Die institusionele raamwerk waarbinne arbeidsverhoudinge bedryf word, word uiteengesit met besondere klem op die strukturele meganismes en institusionele prosesse. Die diensverhouding wat die grondslag van 'n arbeidsvehoudingepraktyk vorm, word ook ontleed. Arbeidsverhoudingepraktyk In hierdie afdeling word konseptuele en praktiese vaardighede deur ervaringsleer oorgedra ten opsigte van praktyksaspekte soos griewehantering, dissiplinering, verskraling, kollektiewe bedinging, nywerheidsaksie en geskilbeslegting.

Staatsleer 320 (STL 320)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Voorvereistes	PTO 101, STL 210(GS), STL 220(GS), 310(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Deel 1: Demokratiese studies
'n Hoë-vlak kritiese analise van demokratiese teorie en praktyk. Die analise van demokratiese teorie sal temas soos die klassieke, radikale, deliberatiewe en feministiese perspektiewe insluit. Die analise van demokratiese praktyk sal aspekte insluit soos demokratisering, demokratiese konsolidasie, demokratiese burgerskap en samelewing, die rol en belang van die burgerlike gemeenskap, die instellings en prosedures vir demokrasie en "goeie regering".
Deel 2: Politieke analise
Die metodiek en praktyk van politieke analise is die fokus van die studie. Die beginsels en problematiek onderliggend aan verskillende benaderings en metodes van politieke analise word beskryf en verduidelik. Dit sluit die aard, metodes en gebruik van vergelykende analise, vooruitskouing, risiko-analise, prestasie-evaluering en die politieke oudit in. Hierdie analitiese metodes word in die politieke en beleidskonteks geplaas, met beklemtoning van die praktiese waarde daarvan. Daar word deurgaans van toepaslike voorbeelde en gevallestudies gebruik gemaak.

Bedryf- en organisasiesielkunde 319 (BDO 319)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	BDO 110, 120; BDO 219 GS, BDO 229 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Menslikehulpbronbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Menslikehulpbronbestuurstelsels Die afdeling verskaf 'n inleiding tot menslikehulpbronbestuurstelsels en spreek ook hedendaagse ontwikkelinge en vraagstukke op die gebied aan. Die volgende temas word omvattend bespreek: posontleding, posbeskrywing en posspesifikasie; posontwerp; vergoedingsteorie en -stelsels; posevaluering en -gradering; voordele- en byvoordele-stelsels. Vergoedingstelsels as motivering vir werknemers word ook behandel. Menslikehulpbronvoorsiening Menslikehulpbronvoorsiening word, vanuit 'n bedryfsielkundige perspektief, aangebied onder die volgende hoofde: mensehulpbronbeplanning; makro- en mikroveranderlikes wat 'n invloed het op personeelvooruitskatting en -voorsiening; menslikehulpbron-inligtingstelsels; die ouditering van vaardighede; asook tegnieke soos werwing, keuring, plasing en induksie.

Ondernemingsbestuur 320 (OBS 320)

Modulekrediete	20.00

Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	OBS 114 of 124 met toelating tot die eksamen in die ander
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Strategiese bestuursanalise en -formulering Grondbegrippe; formulering van missie, beleid en doelwitte; eksterne evaluering van die sake-omgewing; interne evaluering van die onderneming, insluitende intellektuele bates; die formulering en ontwikkeling van ‘n strategiese plan. Strategiese bestuursimplementering Die rol van bestuur in strategiese implementering; begrotings as instrument in die implementeringsproses; die lei van veranderingsprosesse binne ondernemings; ondersteunende beleid, prosedure en inligtingstelsels vir strategiese implementering; implementering in die verskillende funksionele gebiede; evaluering en beheer van implementering.

Internasionale verhoudinge 310 (IPL 310)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 101, IPL 210(GS), 220(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Internasionale politieke ekonomie
Die aard en funksionering van die hedendaagse internasionale polities-ekonomiese orde word ontleed teen die agtergrond van die globaliseringsproses. Die klem val op die interaksie tussen politieke en ekonomiese tendense en vraagstukke soos die ekonomiese belang en politieke impak van regionale handelsblokke; die skuldlas van state; internasionale hulpverlening; die rol en invloed van multinasionale korporasies; en die oordrag van tegnologie na minder-ontwikkelde state; ontluikende ekonomiese moondhede in die Globale Suide; en globale ekonomiese regeerkunde.

Arbeidsreg 311 (ABR 311)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.

Kontaktyd	2 lesings per week, 1 tutoriaal per week elke 2de week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Basiese beginsels van die dienskontrak; kollektiewe arbeidsreg (insluitend kollektiewe bedinging en vakbonde). Statutêre diensvoorwaardes; individuele arbeidsgeskille; kollektiewe arbeidsdispute; beslegtingsprosedures.

Administratiefreg 310 (ADR 310)

Modulekrediete	10.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Publiekreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir LLB en BAdmin n Oorsig van geregtelike hersiening van administratiewe optrede in die lig van die Grondwet en die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid 3 van 2000, met besondere klem op die omvang van die toepassingsgebied van geregtelike hersiening en die gronde vir geregtelike hersiening.

Internasionale verhoudinge 320 (IPL 320)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 101, IPL 210(GS), 220(GS), 310(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Veiligheid- en strategiese studies
'n Studie van tradisionele en kontemporêre benaderings tot veiligheid en strategie. Aandag word geskenk aan nuwe teorieë oor oorlog, veiligheid en strategie; militêre en nie-militêre bedreigings vir nasionale veiligheid en menseveiligheid; die nasionale veiligheid van ontwikkelende state; asook die verhouding tussen beleid, strategie en taktiek. Laasgenoemde sluit 'n inleidende oorsig in van die aard, vlakke, patrone, vorms en instrumente van strategie, en van oorlogsreg. Die nasionale, regionale en kontinentale veiligheidsituasie in Afrika en vorms van multilaterale veiligheidsamewerking in die besonder word ontleed, ook in verhouding tot buite-kontinentale tendense. Wat die voorafgaande betref, word klem geplaas op die regs- en institusionele raamwerk, nasionale veiligheidsbeleid en strategiese ingesteldheid van Suid-Afrika.

Ondernemingsbestuur 310 (OBS 310)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	OBS 114 of 124 met toelating tot die eksamen in die ander
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Menslikehulpbronbestuur en -ontwikkeling Die omgewing waarbinne menslikehulpbronbestuur plaasvind; posontleding; strategiese menslikehulpbronbeplanning; gelyke indiensnemingsgeleenthede; beplanning en bestuur van opleiding, ontwikkeling en loopbane; funksionering in internasionale sake-omgewings. Onderhandelinge en kollektiewe bedinging Die aard van onderhandeling, voorbereiding vir onderhandeling, onderhandeling vir klimaatskepping; oorredende kommunikasie; hantering van konflik en aggressie; gespesialiseerde onderhandeling en kollektiewe bedinging in die Suid-Afrikaanse konteks.

Staatsleer 310 (STL 310)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 101, STL 210(GS), 220(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Politieke teorie
’n Teoretiese en normatiewe studie van politieke idees. Dit sluit die studie van prominente politieke denkers soos Plato, Thomas Hobbes en John Rawls in, sowel as die kontemporêre manifestasies van ideologieë soos liberalisme, sosialisme, konserwatisme en nasionalisme. Hierdie normatiewe beoordeling van politiek sluit af met ’n kritiese evaluasie van die ontwikkeling, aard en praktiese waarde van prominente demokratiese teorieë, onder andere deelnemende, wetlike en beraadslagende demokrasie.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.